

ALLE KOOPKRAGMETERS MOET OPGEDATEER WORD



Hallo aan ons gewaardeerde kliënte in Atlantis, Pella en Mamre

Die sagteware vir alle koopkragmeters in Suid-Afrika verval in 2024.

Koopkragmeters moet opgedateer word anders sal jy nie nuwe koopkragbewyse op jou meter kan laai nie en dus sonder kragtoevoer wees.

Die opdatering van meters regoor die metro geskied in fases, met Atlantis, Pella en Mamre eerste aan die beurt.

Kliënte wat nie in die gebiede Atlantis, Pella en Mamre woon nie, kwalifiseer nog nie vir die opdatering van hul meters nie en sal nie outomaties opdateringskodes saam met hul gewone elektrisiteitsaankope ontvang nie.

Doen dit self

Wanneer die koopkragmeters in jou gebied volgens die opdateringskedsule aan die beurt kom, sal jy **twee OPDATERINGSKODES** saam met jou kragaankoop kry.

Volg hierdie maklike stappe om jou opdateringsbewys in te tik:

1. Tik die eerste 20-syfer-opdateringskode in en wag dat dit aanvaar word.
2. Tik die tweede 20-syfer-opdateringskode in en wag dat dit aanvaar word.
3. Tik jou gewone 20-syfer-bewys in om jou eenhede soos gewoonlik op te laai.

Die meeste kliënte verkies om hul eie meters op te dateer. As jy hulp nodig het, kontak ons:

- SMS: 31220
- E-pos: power@capetown.gov.za
- Inbelsentrum: 0860 103 089

Stadspanne staan reg om te help indien nodig

Stadspanne is op bystand om huishoudings met die opdaterings te help. Alle gesondheids- en veiligheidsprotokolle vir Covid-19 word gevolg. Spanne dra identifikasie en werkopdragnummers. Bel die Stad se inbelsentrum vir verifikasie.

www.capetown.gov.za



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD



Maak vooruitgang moontlik. Tesame.